

SATERDAG 6 JUNIE

SKRIFGEDEELTE: 1 KRONIEKE 4:5-10

FOKUSGEDEELTE: 1 KRONIEKE 4:9, 10 (OAV & NAV)

Jabes – nie 'n man van smart nie

In die geslagsregister, tussen die klomp name van mense, kry ons die verwysing na Jabes. Dit wat ons van hom weet, staan net in hierdie twee verse van die Bybel opgeteken. 'n Paar jaar gelede is daar baie gemaak van Jabes en in besonder van die gebed wat hy gebid het. Die gebed is as 'n modelgebed voorgehou, as 'n tipe towerformule wat gelowiges herhaaldelik moet bid as hulle voorspoedig wil wees.

Deesdae hoor jy nie meer van Jabes se gebed nie. Sou dit wees dat die praktyk uitgewys het dat dit wat van Jabes se gebed gemaak is, glad nie die bedoeling van die Bybel is nie?

Jabes se ma het hom sy naam gegee, en dit het herinner aan die smart waarmee sy hom in die wêreld gebring het. Hy was egter nie 'n man van smart nie. Die Here het aan hom genade bewys en hy was meer geëerd as sy broers. Hy het hom tot God gewend en om die ryke seën van die Here in sy lewe gebid, en die Here het sy gebed verhoor. Nie 'n man van smart nie, maar 'n man wat deur God geseën is.

Die enigste rede waarom Jabes se lewe nie 'n lewe van smart was nie, die rede waarom daar genade en seën en gebedsverhoring vir hom was, was omdat daar 'n ander Man van smarte was (Jes. 53). Hy wat al ons smarte op Hom geneem het. Hy wat die straf van God gedra het om vir ons versoening met God te bewerk.

As jy deur die Man van Smarte verlos is, deur Jesus Christus, dan het God aan jou oorfloedige genade bewys en ontvang jy ryke seëning uit sy Hand. Maak dan aan Hom jou begeertes en dank deur jou gebede bekend. So word God geëer.

Sing: Psalm 142:1, 4 (1936)

Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)